Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# Government Gazette
# Staatskoerant

Selling price • Verkoopprys
(GST excluded)/(AVB uitgesluit)
Local 50c Plaaslik
Other countries 70c Buitelands
Post Free • Posvry

***Regulation Gazette***
***Regulasiekoerant***
**No. 4118**

*Registered at the Post Office as a Newspaper*
*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

Vol. 266 | PRETORIA, 7 AUGUST / AUGUSTUS 1987 | No. 10859

## GOVERNMENT NOTICES

## DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATIONS

**No. R. 1720** **7 August 1987**

THE SOUTH AFRICAN BROADCASTING CORPORATION

MINISTER ENTRUSTED WITH ADMINISTRATION AND BROADCASTING SERVICES

AMENDMENTS AND CONSOLIDATION OF THE REGULATIONS IN TERMS OF THE BROADCASTING ACT, ACT 73 OF 1976, AS AMENDED

Under the powers vested in him by section 23 (4) of the Broadcasting Act, 1976 (Act 73 of 1976), as amended, the Minister in the State President's Office entrusted with Administration and Broadcasting Services has approved the repeal of the Regulations contained in Government Notice R. 1727 of 13 August 1982 which were made by the South African Broadcasting Corporation, as amended, with effect from 1 October 1984 by Government Notice R. 1203 of 15 June 1984 and as further amended by Government Notices R. 1225 of 20 June 1986 and R. 2039 of 26 September 1986 as well as the substitution thereof by the regulations contained in the Schedule hereto, as promulgated hereunder by virtue of section 23 (1) (a), (b) and (c) of the said Act.

### SCHEDULE

***Regulations governing television licences***

1. *Definitions.*

In these Regulations, "the Act" shall mean the Broadcasting Act, 1976 (Act 73 of 1976), and any expression to which a meaning is assigned in the Act shall have the same meaning and unless the context otherwise indicates—

(i) "head of a household" means that member of a household who is the owner of or lessee of, or who under other circumstances has a similar right of occupancy to a dwelling which is occupied by that household: Provided that, if such person falls under a category of persons in respect of whom a special tariff for



## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

## DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE

**No. R. 1720** **7 Augustus 1987**

DIE SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE

MINISTER IN DIE KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT BELAS MET ADMINISTRASIE EN UITSAAIDIENSTE

WYSIGINGS EN KONSOLIDASIE VAN DIE REGULASIES KRAGTENS DIE UITSAAIWET, WET 73 VAN 1976, SOOS GEWYSIG

Die Minister in die Kantoor van die Staatspresident belas met Administrasie en Uitsaaidienste het kragtens artikel 23 (4) van die Uitsaaiwet, 1976 (Wet 73 van 1976), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die herroeping van die Regulasies vervat in Goewermentskennisgewing R. 1727 van 13 Augustus 1982 wat deur die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie uitgevaardig is, soos gewysig met ingang van 1 Oktober 1984 by Goewermentskennisgewing R. 1203 van 15 Junie 1984 en soos verder gewysig kragtens Goewermentskennisgewings R. 1225 van 20 Junie 1986 en R. 2039 van 26 September 1986 asook die vervanging daarvan met die Regulasies in die Bylae hiertoe vervat, wat hierkragtens ingevolge artikel 23 (1) (a), (b) en (c) van genoemde Wet uitgevaardig word.

### BYLAE

***Regulasies betreffende televisielisensies***

1. *Woordomskrywing.*

In hierdie Regulasies beteken "die Wet" die Uitsaaiwet, 1976 (Wet 73 van 1976), en het enige uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is, daardie betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "hoof van 'n huisgesin" daardie lid van 'n huisgesin wat die eienaar of huurder is van, of onder ander omstandighede 'n soortgelyke reg van bewoning besit op, 'n woning wat deur daardie huisgesin bewoon word: Met dien verstande dat, indien sodanige persoon ressorteer onder 'n kategorie persone ten opsigte

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



a television licence is prescribed in paragraph 3 of the Annexure to these Regulations, and resides with a member of the household who is not dependent on him, the latter member shall be regarded as being the head of the household;

(ii) "household" means parents with their dependent children (including adopted children) who are permanently resident with them and any relative who is permanently resident with them and necessarily dependent on them, as well as any bona fide domestic servant or servants (but excluding other employees) who reside on the same premises;

(iii) "members of a household" does not include a lessee of a room or a lodger with a household, unless in the case of a lodger, such lodger is a person who falls under a category of persons in respect of whom a special tariff for a television licence is prescribed in paragraph 3 of the Annexure to these Regulations;

(iv) "dwelling" means any house, flat, room or place which is occupied by any person or by any household as the place of residence of such person or of such household; and

(v) "Licensing year" in terms of section 1 of the Broadcasting Act, 1976 (Act 73 of 1976), shall be the 12 month period from 1 October of any year to 30 September of the following year.

2. *Television licence fees.*

(1) The different types of licences and licence fees payable in respect thereof are those prescribed in the Annexure to these Regulations.

(2) *Anyone who obtains a type of television licence to which he is not entitled, or who pays less than the prescribed amount for the television licence to which he is entitled shall within twenty one days of the date on which he is notified in writing of the issue of the incorrect type of licence or the leveying of the incorrect licence fee whichever is applicable, make up the monetary shortfall by paying the difference in respect of the correct television licence or the amount owing.*

(3) *Anyone who applies for the issue of a television licence may be compelled to produce his identity document before a television licence is issued to him.*

3. *Exemptions.*

(a) Should the head of any household already be in possession of a television licence, issued at a tariff prescribed in paragraph 2 of the Annexure to these Regulations, for the use of any television set at a prescribed address to receive anything broadcast in a broadcasting service, such head and the members of the household residing with him are exempt from the obligation to take out any further licence or licences for the use of a television set or sets at any address other than that referred to in the licence if that latter address may be regarded as the temporary or additional address of the head of the household and provided that notice shall be given to the corporation—

(a) in the case of an additional address already known at the time of the application for the issuing of the relevant licence, simultaneously with such application; or

(b) in the case of the acquisition of such temporary or additional address during the course of any licence year, within 14 days after such acquisition, regarding such use at such other address.

van wie 'n spesiale tarief vir 'n televisielisensie in paragraaf 3 van die Aanhangsel by hierdie Regulasies voorgeskryf word, en inwoon by 'n lid van die huisgesin wat nie van hom afhanklik is nie, laasgenoemde lid geag word die hoof van die huisgesin te wees;

(ii) "huisgesin" ouers met hulle afhanklike kinders (insluitende aangenome kinders) wat permanent by hulle inwoon en 'n familielid wat permanent by hulle inwoon en noodsaaklikerwys van hulle afhanklik is, asook 'n bona fide-huisbediende of -bediendes (maar nie ander werknemers nie) wat op dieselfde perseel woonagtig is;

(iii) "lid van 'n huisgesin" nie ook 'n kamerhuurder of loseerder by 'n huisgesin nie, tensy, in die geval van 'n loseerder, sodanige loseerder 'n persoon is wat ressorteer onder 'n kategorie persone ten opsigte van wie 'n spesiale tarief vir 'n televisielisensie in paragraaf 3 van die Aanhangsel by hierdie Regulasies voorgeskryf word;

(iv) "woning" enige huis, woonstel, kamer of plek wat as die woonplek van 'n persoon of van 'n huisgesin deur daardie persoon of daardie huisgesin bewoon word; en

(v) "Lisensiejaar" kragtens artikel 1 van die Uitsaaiwet, 1976 (Wet 73 van 1976), is die 12 maande periode van 1 Oktober van enige jaar tot 30 September van die daaropvolgende jaar.

2. *Televisielisensiegelde.*

(1) Die verskillende soorte lisensies en die lisensiegelde ten opsigte daarvan betaalbaar is dié voorgeskryf in die Aanhangsel by hierdie Regulasies.

(2) *Iemand wat 'n televisielisensie bekom het van 'n soort waarop hy nie geregtig is nie, of iemand wat minder as die voorgeskrewe verskuldigde bedrag vir die soort televisielisensie waarop hy geregtig is, betaal het, moet binne een en twintig dae van die datum af waarop hy skriftelik in kennis gestel is van die uitreiking van die verkeerde soort televisielisensie of die heffing van die foutiewe lisensiegeld, na gelang van die geval, die geldelike tekort aanvul deur die toepaslike verskil in te betaal ten opsigte van of die korrekte soort televisielisensie of die verskuldigde bedrag watter geval ookal van toepassing mag wees.*

(3) *Iemand wat aansoek doen om die uitreiking van 'n televisielisensie kan verplig word om sy identiteitsdokument voor te lê, alvorens 'n televisielisensie aan hom uitgereik word.*

3. *Vrystellings.*

(1) Indien die hoof van 'n huisgesin reeds in besit is van 'n televisielisensie, uitgereik teen 'n tarief voorgeskryf in paragraaf 2 van die Aanhangsel by hierdie Regulasies vir die gebruik van 'n televisiestel by 'n bepaalde adres om enigiets te ontvang wat in die uitsaaidiens uitgesaai word, is sodanige hoof en die lede van die huisgesin wat by hom inwoon, vrygestel van die verpligting om 'n verdere lisensie of lisensies uit te neem vir die gebruik van 'n televisiestel of -stelle by 'n ander adres as die een in die lisensie vermeld indien daardie ander adres as die tydelike of addisionele adres van die hoof van die huisgesin beskou kan word en mits daar—

(a) in die geval van 'n addisionele adres wat ten tyde van die aansoek om die uitreiking van die betrokke lisensie reeds bekend was, gelyktydig met dié aansoek; of

(b) in die geval van die verkryging van so 'n tydelike of addisionele adres gedurende die loop van 'n lisensiejaar, binne 14 dae na sodanige verkryging;

aan die korporasie kennis gegee is van sodanige gebruik by daardie ander adres.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) A television licence which has been issued, at a tariff prescribed in paragraph 2 of the Annexure to these Regulations to any member of a household other than the head thereof, shall for the purposes of this Regulation be regarded as having been issued to the head of that household.

4. *Television licences for businesses and dealers.*

(1) A television licence issued to the owner or manager of a business in his capacity as the owner or manager of such business, shall confer on him the right to use, in accordance with section 17 (2) of the Act, the number of television sets mentioned in the licence or to make them available to and permit any person, other than a member of his household, to receive anything broadcast in a broadcasting service.

(2) Notwithstanding the provisions of subregulation (1) a television licence issued to the holder of a radio dealer's registration certificate in his capacity as owner or manager of the radio dealer's business concerned shall confer on such owner or manager the right to use, in accordance with section 17 (3) of the Act, the number of television sets referred to in the licence or to make them available and permit any person, other than a member of his household, to use them to receive anything broadcast in a broadcasting service.

(3) A television licence issued in terms of section 17 (2) of the Act, confers on the owner or manager of a business referred to in the licence, the right to use at an address, other than the address referred to in the licence, one television set or the larger number television sets referred to in the licence, or to permit any other person to use it to receive anything broadcast in a broadcasting service provided that notice of such other address shall have been given in writing to the corporation within 14 days after the transfer of such television set or sets to the said other address.

(4) Should any radio dealer to whom a television licence has been issued in terms of section 17 (3) (b) of the Act in respect of a specific television set which is let by him, have obtained a licence in his own name, he shall provide a photostat copy of the television licence to the person to whom he has let such television set.

(5) (a) A radio dealer who is in possession of a television set in connection with his business as a radio dealer and who, in terms of section 17 (3) (c) (ii) of the Act makes it available for demonstration purposes for a maximum period of 14 days, to a prospective purchaser or lessee who is not in possession of a television licence, shall, on the date of delivery of the television set to such prospective purchaser or lessee complete a document in duplicate on which the following details shall appear, namely:

(i) The date of delivery of the television set;

(ii) the make of the television set;

(iii) the serial number of the television set;

(iv) the name and address of the relevant radio dealer;

(v) the number of the licence which has been issued to the relevant radio dealer in terms of section 17 (3) (c) of the Act; and

(vi) the name and address of the person to whom the relevant television set has been made available.

(b) One copy of the document thus completed shall, on the date of delivery of the television set, be handed to the prospective purchaser or lessee and the second copy shall be retained by the relevant radio dealer.

(2) 'n Televisielisensie wat teen 'n tarief voorgeskryf in paragraaf 2 van die Aanhangsel by hierdie Regulasies uitgereik is aan 'n ander lid van die huisgesin as die hoof daarvan, word by die toepassing van hierdie Regulasie geag uitgereik te gewees het aan die hoof van daardie huisgesin.

4. *Televisielisensies vir besighede en handelaars.*

(1) 'n Televisielisensie uitgereik aan die eienaar of bestuurder van 'n besigheid in sy hoedanigheid van eienaar of bestuurder van sodanige besigheid, verleen aan hom die reg om die aantal televisiestelle wat in die betrokke lisensie vermeld word, ooreenkomstig artikel 17 (2) van die Wet te gebruik of beskikbaar te stel, en iemand anders, uitgesonderd 'n lid van sy huisgesin, toe te laat om dit te gebruik, om enigiets te ontvang wat in 'n uitsaaidiens uitgesaai word.

(2) Ondanks die bepalings van subregulasie (1), verleen 'n televisielisensie uitgereik aan die houer van 'n radiohandelaarsregistrasiesertifikaat in sy hoedanigheid van eienaar of bestuurder van die betrokke radiohandelaarsbesigheid, aan sodanige eienaar of bestuurder die reg om die aantal televisiestelle in die lisensie vermeld ooreenkomstig artikel 17 (3) van die Wet te gebruik of beskikbaar te stel, en iemand anders, uitgesonderd 'n lid van sy huisgesin, toe te laat om dit te gebruik om enigiets te ontvang wat in 'n uitsaaidiens uitgesaai word.

(3) 'n Televisielisensie ingevolge artikel 17 (2) van die Wet uitgereik verleen aan die eienaar of bestuurder van 'n besigheid in die lisensie vermeld, die reg om by 'n ander adres as die adres wat in die lisensie vermeld word, een televisiestel of die groter aantal televisiestelle wat in die lisensie vermeld word, te gebruik of om iemand anders toe te laat om dit te gebruik om enigiets te ontvang wat in 'n uitsaaidiens uitgesaai word, indien skriftelik kennis van sodanige ander adres binne 14 dae na oorplasing van sodanige televisiestel of -stelle na genoemde ander adres aan die korporasie gegee is.

(4) Indien 'n radiohandelaar aan wie 'n televisielisensie kragtens artikel 17 (3) (b) van die Wet uitgereik is ten opsigte van 'n bepaalde televisiestel wat hy verhuur, self 'n lisensie op sy naam uitgeneem het, moet hy aan die persoon aan wie hy sodanige televisiestel verhuur 'n foto-afskrif van die televisielisensie beskikbaar stel.

(5) (a) 'n Radiohandelaar wat 'n televisiestel in sy besit het in verband met sy besigheid as radiohandelaar en dit ingevolge artikel 17 (3) (c) (ii) van die Wet aan 'n voornemende koper of huurder wat nie in besit van 'n televisielisensie is nie vir hoogstens 14 dae vir doeleindes van demonstrasie beskikbaar stel, moet, op die datum van lewering van die televisiestel aan sodanige voornemende koper of huurder, 'n dokument in tweevoud uitmaak waarop die volgende besonderhede verskyn, naamlik:

(i) Die datum van lewering van die televisiestel;

(ii) die fabrikaat van die televisiestel;

(iii) die reeksnommer van die televisiestel;

(iv) die naam en adres van die betrokke radiohandelaar;

(v) die nommer van die lisensie wat kragtens artikel 17 (3) (c) van die Wet aan die betrokke radiohandelaar uitgereik is; en

(vi) die naam en adres van die persoon aan wie die betrokke televisiestel aldus beskikbaar gestel is.

(b) Een eksemplaar van die dokument aldus uitgemaak, moet op die datum van lewering van die televisiestel aan die voornemende koper of huurder oorhandig word en die tweede eksemplaar moet deur die betrokke radiohandelaar behou word.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



5. *Presentation of television licences.*

The holder of a television licence in respect of any particular licence year shall present such licence or a duplicate thereof or the renewal notice issued by the corporation, when applying for a television licence for the following licence year.

6. *Television licences not transferable.*

Subject to the provisions of the Act and of these Regulations television licences are not transferable and if any person who is in possession of a television licence sells or in any other way transfers his television set to some other person, it shall be incumbent on the latter person to obtain a television licence as from the date on which such set comes into his possession.

7. *Duplicates of television licences and notices to the corporation.*

(1) A duplicate of a television licence may be issued to the holder of such licence upon his written application against payment of R5,00.

(2) Any application for a duplicate television licence or any notice to the corporation in regard to any matter relating to licences or any notice of any additional address or of any change of address shall be directed to the Head: *Legal Administration,* SABC, P.O. Box 8606, Johannesburg, 2000, and shall indicate the full name and address, as well as the identity number or television licence number of the person or institution to whom the relevant licence was issued and also the date of issue (if any).

8. *Refund of licence fees.*

The corporation may in its discretion refund television licence fees in cases where a licensee during a particular licence year ceases to use his television set to receive anything broadcast in a broadcasting service.

9. *Repeal of previous regulations.*

The Regulations in respect of television licences, promulgated in Government Notices *R. 1727 of 13 August 1982, R. 11203 of 15 June 1984, R. 1225 of 20 June 1986 and R. 2039 of 26 September 1986,* are hereby repealed.

10. These Regulations come into operation on 1 October 1987.

5. *Toon van televisielisensies.*

Die houer van 'n televisielisensie in 'n bepaalde lisensiejaar moet daardie lisensie of 'n duplikaat daarvan of die hernuwingskennisgewing wat deur die korporasie uitgereik word, voorlê wanneer aansoek gedoen word om 'n televisielisensie vir die volgende lisensiejaar.

6. *Televisielisensies is nie oordraagbaar nie.*

Behoudens die bepalings van die Wet en van hierdie Regulasies is televisielisensies nie oordraagbaar nie en indien 'n persoon wat in besit van 'n televisielisensie is, sy televisiestel aan 'n ander persoon verkoop of op enige ander wyse aan hom oormaak, is laasgenoemde persoon vanaf die datum waarop hy bedoelde televisiestel verkry het, verplig om 'n televisielisensie uit te neem.

7. *Duplikate van televisielisensies en kennisgewing aan die korporasie.*

(1) Aan die houer van 'n televisielisensie kan op sy skriftelike aansoek en teen betaling van R5 'n duplikaat van die betrokke lisensie uitgereik word.

(2) 'n Aansoek om 'n duplikaatlisensie of kennisgewing aan die korporasie in verband met enige aangeleentheid rakende lisensies of 'n kennisgewing van die verkryging van enige addisionele adres of van enige verandering van adres moet gerig word aan: Die Hoof: *Regsadministrasie,* SAUK, Posbus 8606, Johannesburg, 2000, en moet die volle naam en adres asook die identiteitsnommer of televisielisensienommer van die persoon of inrigting aan wie die betrokke lisensie uitgereik is, asook die datum van uitreiking (indien daar is), vermeld.

8. *Terugbetaling van lisensiegelde.*

Die korporasie kan na goeddunke lisensiegelde terugbetaal in gevalle waar 'n lisensiehouer gedurende 'n bepaalde lisensiejaar ophou om sy televisiestel te gebruik om enigiets te ontvang wat in 'n uitsaaidiens uitgesaai word.

9. *Herroeping van vorige regulasies.*

Die regulasies betreffende televisielisensies, afgekondig by Goewermenskennisgewings *R. 1727 van 13 Augustus 1982, R. 1203 van 15 Junie 1984, R. 1225 van 20 Junie 1986 en R. 2039 van 26 September 1986,* word hiermee herroep.

10. Hierdie Regulasies tree op 1 Oktober 1987 in werking.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## ANNEXURE

| Type of licence | Licence fees in terms of section 23 (1) (a) of the Act | Conditions in terms of section 23 (1) (b) of the Act |
|---|---|---|
| 1. *Television licences for businesses:* Television licences issued in terms of section 17 (2) of the Act | (1) (a) R72,00 per full licence year in the case of the following institutions—<br>(i) An educational institution that is maintained or subsidised by the state (inclusive of provincial administrations), and which uses a television set or television sets solely for educational purposes, but excluding hostels associated with the institution;<br>(ii) a hospital, clinic, nursing home or health institution maintained by the State (inclusive of provincial administrations), but excluding hostels associated therewith;<br>(iii) an institution for the housing of infirm, feeble or elderly persons, the majority of the inmates of which are recipients of a social pension, grant or allowance paid by a Government department of the Republic, and which has installed television sets for the use of the inmates in a public room or rooms on the same site as the institution, irrespective of the number of television sets used by the institution concerned or made available for use by the employee, patients or inmates of such institution.<br>(b) R72,00 per full licence year in respect of every television set used by a business or institution other than an institution referred to in item (a) of this subparagraph, or made available for use by the employees, customers, inmates, guests or patients of such business of other institutions.<br>(2) Should the obligation arise during the courses of any licence year, to pay a licence fee in respect of an additional television set or a number of television sets, or as the case may be, to obtain a licence for the first time the following licence fees shall be payable:<br>(a) In the first month of the licence year: R72,00<br>(b) In the second month of the licence year: R66,00<br>(c) In the third month of the licence year: R60,00<br>(d) In the fourth month of the licence year: R54,00<br>(e) In the fifth month of the licence year: R48,00<br>(f) In the sixth month of the licence year: R42,00<br>(g) In the seventh month of the licence year: R36,00<br>(h) In the eight month of the licence year: R30,00<br>(i) In the ninth month of the licence year: R24,00<br>(j) In the tenth month of the licence year: R18,00<br>(k) In the eleventh month of the licence year: R12,00<br>(l) In the twelfth month of the licence year: R6,00 | As precribed in regulation 4. |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



| Type of licence | Licence fees in terms of section 23 (1) (a) of the Act | Conditions in terms of section 23 (1) (b) of the Act |
|---|---|---|
| 2. *Television licences for private usage:* Television licenses issued in terms of section 17 (3) (a) of the Act | (1) R72,00 per full licence year, notwithstanding the number of television sets used where the lisence is the head of the household and uses the television set or sets in his private capacity or allows other members of his household who reside with him to use that television set or sets.<br>(2) Where during the course of any licence year, the obligation arises to take out a licence for the first time, the applicable licence fees prescribed in paragraph 1 (2) of this Annexure shall be payble. | As prescribed in regulation 3 (1). |
| 3. *Concessionary television licences:* Television licences issued in terms of section 17 (3) (a) of the Act, to a person falling under one of the following categories of persons:<br>A recipient of an old age pension, war veteran's pension, disability pension, *excluding a recipient of a military pension (except a recipient of a military pension to whom a concessionary television licence was issued before 30 September 1987),* maintenance grant (except where he receives it as the foster-parent or guardian of a child or children in respect of whom it is paid), or family allowance which is paid by a Government department of the Republic; a settler in a State settlement who is the recipient of a settler's allowance paid subject to the same means test as that which applies to social pensioners; an inmate of a State or State-supported home for the aged and handicapped persons or a commercial home for the aged and handicapped persons which is run on behalf of the State, provided that at the time of his admission to such State or State-supported home or commercial home such inmate had been in receipt of a pension or allowance referred to in this paragraph or, but for his admission to the home concerned, could have been in receipt of such pension or allowance; a blind person whose application is supported by recommendation from a registered society for the care of the blind, and an inmate in a Central Government hospital for patients suffering from infectious diseases, mental patients or feebleminded persons who are maintained at State expense; a person, seventy years of age or older, provided that such person does not share a dwelling or residence with a person, other than his spouse, who is under seventy years of age and who is not his dependant; a bona fide farm labourer who, employed full-time as such by a person who is the owner or lessee of a farm, is permanently resident on such farm. | (1) R24,00 per full licence year for one television set used where the licensee uses the television set in his private capacity or allow other members of his household, who reside with him, to use the television set;<br>(2) where during the course of any licence year the obligation arises to take out a licence for the first time, the following licence fees are payable:<br>(a) In the first month of a licence year: R24,00<br>(b) In the second month of the licence year: R22,00<br>(c) In the third month of the licence year: R20,00<br>(d) In the fourth month of the licence year: R18,00<br>(e) In the fifth month of the licence year: R16,00<br>(f) In the sixth month of the licence year: R14,00<br>(g) In the seventh month of the licence year: R12,00<br>(h) In the eighth month of the licence year: R10,00<br>(i) In the ninth month of the licence year: R8,00<br>(j) In the tenth month of the licence year: R6,00<br>(k) In the eleventh month of the licence year: R4,00<br>(l) In the twelfth month of the licence year: R2,00<br>(3) Should a person falling under the category of persons described in this paragraph obtain a further television set or sets, the fees prescribed in paragraphs 2 (1) and 2 (2) of this Annexure shall be payable. | Any application for a television licence in terms of this paragraph by a bona fide farm labourer shall be accompanied by a written declaration by his employer that the applicant is employed full-time by him as a farm labourer and that the applicant is permanently resident on a farm of which the declarer is the owner or lessee. |
| 4. *Television licences for the hiring out of television sets:* Television licences issued, in terms of section 17 (3) (b) of the Act, to a radio dealer in respect of television sets used by such radio dealer for the purpose of letting. | In respect of each television set thus let, the amount prescribed for a television set in paragraph 1 (1) (b) of this Annexure, subject, however to the provisions of paragraph 1 (2) of this Annexure. | As prescribed in regulation 4 (4). |
| 5. *Television licences for demonstration purposes:* Television licences issued, in terms of section 17 (3) (c) of the Act, to a radio dealer who has a television set in his possession in respect of his business as a radio dealer. | The amount prescribed for a television licence in paragraph 1 (1) (b) of this Annexure, irrespective of the number of television sets the relevant radio dealer has in his possession, subject, however to the provisions of paragraph 1 (2) of this Annexure. | As prescribed in regulation 4 (5). |
| 6. *Television licences issued to owners or lessees of farms for making television sets available to farm labourers:* Television licences issued in terms of section 17 (3) (a) of the Act to the owner or lessee of a farm who makes a television set or sets available for the exclusive use by bona fide farm labourers in his employ and resident on such farm. | (1) R24,00 per full licence year in respect of every television set so made available.<br>(2) Where during the course of any licence year the obligation arises to take out a licence for the first time, the applicable licence fees prescribed in paragraph 3 (2) of this Annexure shall be payable in respect of each television set. | Any application for a television licence in terms of this paragraph shall be accompanied by a written declaration by the applicant to the effect that the television set in respect of which such application is made, is made available by the applicant for the exclusive use by bona fide farm labourers in his employ and resident on a farm of which the applicant is the owner or lessee. |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## AANHANGSEL

| Soort lisensie | Lisensiegelde ingevolge artikel 23 (1) (a) van die Wet | Voorwaardes ingevolge artikel 23 (1) (b) van die Wet |
|---|---|---|
| 1. *Televisielisensies vir besighede:* Televisielisensies uitgereik kragtens artikel 17 (2) van die Wet | (1) (a) R72,00 per volle lisensiejaar in die geval van die volgende inrigtings—<br>(i) 'n onderwysinrigting wat deur die Staat (met inbegrip van provinsiale administrasies) in stand gehou of gesubsidieer word, en 'n televisiestel of televisiestelle slegs vir onderwysdoeleindes gebruik, maar nie ook koshuise verbonde aan die inrigting nie;<br>(ii) 'n hospitaal, kliniek, verpleeginrigting of gesondheidsinrigting wat deur die Staat (met inbegrip van provinsiale administrasies) in stand gehou word, maar nie ook koshuise daaraan verbonde nie;<br>(iii) 'n inrigting vir die huisvesting van siekes, swakkes of bejaardes waarvan die meerderheid inwoners ontvangers is van 'n maatskaplike pensioen of toelae wat deur 'n Staatsdepartement van die Republiek betaal word, en wat televisiestelle vir die gebruik van die inwoners in 'n openbare lokaal of lokale op dieselfde perseel as die inrigting geïnstalleer het, ongeag die aantal televisiestelle wat deur die betrokke inrigting gebruik word of vir gebruik deur die werknemers, pasiënte of inwoners van daardie inrigting beskikbaar gestel word.<br>(b) R72,00 per volle lisensiejaar ten opsigte van elke televisiestel wat deur 'n besigheid of ander inrigting as 'n inrigting in item (a) van hierdie subparagraaf bedoel, gebruik word of vir gebruik deur die werknemers, klante, inwoners, gaste of pasiënte van daardie besigheid of ander inrigting beskikbaar gestel word.<br>(2) Indien in die loop van die lisensiejaar die verpligting ontstaan om ten opsigte van 'n bykomende televisiestel of 'n aantal televisiestelle lisensiegeld te betaal of om, na gelang van die geval, vir die eerste maal 'n lisensie uit te neem, is die volgende lisensiegelde betaalbaar:<br>(a) In die eerste maand van die lisensiejaar: R72,00<br>(b) In die tweede maand van die lisensiejaar: R66,00<br>(c) In die derde maand van die lisensiejaar: R60,00<br>(d) In die vierde maand van die lisensiejaar: R54,00<br>(e) In die vyfde maand van die lisensiejaar: R48,00<br>(f) In die sesde maand van die lisensiejaar: R42,00<br>(g) In die sewende maand van die lisensiejaar: R36,00<br>(h) In die agste maand van die lisensiejaar: R30,00<br>(i) In die negende maand van die lisensiejaar: R24,00<br>(j) In die tiende maand van die lisensiejaar: R18,00<br>(k) In die elfde maand van die lisensiejaar: R12,00<br>(l) In die twaalfde maand van die lisensiejaar: R6,00 | Soos voorgeskryf in regulasie 4. |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## DEPARTMENT OF TRADE AND INDUSTRY

**No. R. 1721** **7 August 1987**

EXPORT CONTROL

I, Theodorus Gerhardus Alant, in my capacity as Deputy Minister of Economic Affairs and Technology, and acting under the powers vested in me by section 2 of the Import and Export Control Act, 1963 (Act 45 of 1963), hereby amend Schedule 1 of Government Notice R. 637 of 23 April 1971 by the addition of the following description and tariff heading at the end of Group 8:

## DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID

**No. R. 1721** **7 Augustus 1987**

UITVOERBEHEER

Ek, Theodorus Gerhardus Alant, in my hoedanigheid as Adjunk-minister van Ekonomiese Sake en Tegnologie, en handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 van die Wet op In- en Uitvoerbeheer, 1963 (Wet 45 van 1963), wysig hierby Bylae 1 van Goewermentskennisgewing R. 637 van 23 April 1971 deur die byvoeging van die volgende beskrywing en tariefpos aan die einde van Groep 8:

| | | |
|---|---|---|
| Invomec Inj-Cattle (Reg. No. G541, Act 36/1947) | Ex 30.03.20.90 | Ivomec Insp.-Beeste (Reg. No. G541, Wet 36/1947). |
| Ivomec Inj-Sheep (Reg. No. G782, Act 36/1947) | | Ivomec Insp.-Skape (Reg. No. G782, Wet 36/1947). |
| Ivomec Liquid-Sheep (Reg. No. G590, Act 36/1947) | | Ivomec Vloeistof-Skape (Reg. No. G590, Wet 36/1947). |
| Eqvalan Paste for Horses (Reg. No. G667, Act 36/1947) | | Eqvalan Pasta vir Perde (Reg. No. G667, Wet 36/1947). |

This Notice shall come into operation on 8 August 1987.

Hierdie Kennisgewing tree op 8 Augustus 1987 in werking.



## THE FLOWERING PLANTS OF AFRICA

This publication is issued as an illustrated serial, much on the same lines as Curtis's Botanical Magazine, and for imitating which no apology need be tendered.

The desire and object of the promoters of the publication will be achieved if it stimulates further interest in the study and cultivation of our indigenous plants.

The illustrations are prepared mainly by the artists at the Botanical Research Institute, but the Editor welcomes contributions of suitable artistic and scientific merit from kindred institutions.

Each part contains 10 plates. Two parts are published in one cover and costs R15 per issue of two parts (other countries R16 per issue). Two, three or four parts may be published annually, depending on the availability of illustrations. A volume consists of four parts. From Volume 27, the price per volume is: Rexine binding, R40; de luxe binding R45 (other countries, rexine binding R45; de luxe binding R50).

*Obtainable from the Director, Division of Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria.*

Sales tax must accompany inland orders.

## DIE BLOMPLANTE VAN AFRIKA

Hierdie publikasie word uitgegee as 'n geïllustreerde reeks, baie na die aard van Curtis se "Botanical Magazine". Die doel van die werk is om die skoonheid en variasie van vorm van die flora van Afrika aan die leser bekend te stel, om belangstelling in die studie en kweek van die inheemse plante op te wek, en om plantkunde in die algemeen te bevorder.

Die meeste van die illustrasies word deur kunstenaars van die Navorsingsinstituut vir Plantkunde gemaak, dog die Redakteur verwelkom geskikte bydraes van 'n wetenskaplike en kunsstandaard afkomstig van verwante inrigtings.

Onder huidige omstandighede word twee dele van die werk in een omslag gepubliseer, maar met onreëlmatige tussenpose; elke deel bevat 10 kleurplate. Intekengeld bedra R15 per uitgawe van twee dele (buitelands R16 per uitgawe): Vier dele per band. Vanaf band 27 is die prys per band in rexine gebind R40; in luukse rexine gebind R45. (Buitelands, rexine gebind R45; luukse band R50).

*Verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria.*

Verkoopbelasting moet by binnelandse bestellings ingesluit word.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# Use it.

# Don't abuse it.

**water is for everybody**

---

# Werk mooi daarmee.

# Ons leef daarvan.

**water is kosbaar**

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Please keep our country, South Africa, clean!



Help om ons land, Suid-Afrika, skoon te hou!

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## CONTENTS


| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **GOVERNMENT NOTICES** | | |
| | **Commission of Administration, Office of the** | | |
| | *Government Notices* | | |
| R. 1720 | Broadcasting Act (73/1976): The South African Broadcasting Corporation: Amendments and consolidation of regulations .............. | 1 | 10859 |
| R. 1721 | Import and Export Control Act (45/1963): Export Control.................................. | 9 | 10859 |


## INHOUD


| No. | | Bladsy No. | Staatskoerant No. |
|---|---|---|---|
| | **GOEWERMENTSKENNISGEWINGS** | | |
| | **Kommissie van Administrasie, Kantoor van die** | | |
| | *Goewermentskennisgewings* | | |
| R. 1720 | Uitsaaiwet (73/1976): Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie: Wysigings en konsolidasie van regulasies................................ | 1 | 10859 |
| R. 1721 | Wet op In- en Uitvoerbeheer (45/1963): Uitvoerbeheer ........................................ | 9 | 10859 |


Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 × 267

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 × 267

10859—1